

Gasvryheids- bediening

Koffie/tee
na die
erediens,
in Kosmos.
Jy is genooi!

Dankie aan Elisma
Lotz en span.

BORG van die maand Berg-en- Seeklub vir Senior Burgers



Navrae:

Naas du Preez

ndupreez022@telkomsa.net

Gemeente Dinkskrum Saterdag, 24 Oktober 2026 Patmos

Ons nooi **AL** ons gemeentede hartlik uit om die **Gemeente Dinkskrum** op **Saterdag 24 Oktober** in Patmos by te woon van **09:00 – 13:00**. Verversings sal voorsien word. Ons wil graag soveel as moontlik van ons gemeentede se insette kry. Dankie dat ons kan staatmaak op die **Bestuursgroep, Kerkraad, Voorsitters** van al ons **Gemeente-Aksies** en **Bedienings** met hulle **komiteede**, asook **Blokleiers** en **Omgeewerke** wat teenwoordig sal wees. Ds Willem sal die geleentheid fasiliteer. Kom gesels lekker saam oor **“Die strategiese rigting 2026-2035: sigbaarheid van die gemeente en ondersteuning van gesinne”**.

OKT se deurkollektas

04 Okt: Helderberg Hospitaal - R785
11 Okt: Projekte 2026
18 Okt: Paarl Skool Neuraal Gestremdes
25 Okt: Sinode: Instituut vir Dowes

Bybelstudie Stormhaven

Don, 22 Okt
om 10:00.

DANKOFFER BETALINGS:

1. Elektronies/internet bankdienste:

Rek naam: NGK Somerset Wes
Bank: ABSA
Tipe rek: Tjekrekening
Rek nr.: 2900 590 132
Takkode: 632 005
Verwysing: Dankoffer/Kollekte


2. Snapscan:



3. Kontantbetalings & koevertes:

Kontantbetalings by kerkkantoor.
Dank- en geloofferkoevertes kan ook
in die kerkkantoor se posbus geplaas word.
Dié posbus word 1x per week leeggemaak.

4. Debietordervorms: Op die webblad beskikbaar, of kontak die skriba
om 'n debietorder te reël by 021 - 852 1787 / ngsomerset@mweb.co.za.



DIE OMGEEGEMEENTE

NGK SOMERSET-WES

Sedert 1819

11 Oktober 2026

Oggenddiens 09:00

Geliefdes,

Die laaste kwartaal van die jaar het aangebreek, en daar lê 'n besige tyd voor. Die Helderberg Uitreikfees begin vandag en volgende Sondag, die 18de, vier ons die Getuienisfees hier by ons gemeente. Daar is ook die Dinkskrum, waar ons saam gaan bid, beplan en droom oor die gemeente, asook die Kersmark wat voorlê. Met al hierdie dinge moet daar baie planne gemaak word. Daarom lees ons vanoggend Eksodus 32:1-14, waar ons sien hoe mense ook planne maak. Mag hierdie gedeelte ons inspireer om nie net volgens ons eie begeertes te beplan nie, maar om in alles God se wil te soek. Mag die Here julle seën hierdie nuwe kwartaal. En onthou: indien jy moedeloos of siek is, in die hospitaal is, of sommer net 'n geselsie nodig het, kontak gerus die kerkkantoor of myself. Ek kom kuier graag. Omgeegroete, Ds. Willem

Stroming

Die skakel sal ongeveer 'n halfuur voor die aanvang van die diens beskikbaar wees op die gemeente se webtuiste by <https://ngkerksomersetwes.co.za/>

Die alternatief is om na Youtube te gaan en in die soekbalkie “Omgeegemeente” of “NGK Somerset-Wes” te tik.

Bybelstudie Woensdae

Oggende: 2-weekliks

21/10: 10:00 in Patmos

Aande: weekliks

14/10: 18:00 in Patmos

Gebedsgroep Woensdae

14 Okt om 09:00

in die konferensiekamer.

Voorbidding

- 🙏 Nico Kapp, longfibrose.
- 🙏 Freddy Thiem, voetoperasies.
- 🙏 Lientjie Smit, tuis na hospitalisasie.
- 🙏 Ina Rheeder, operasie.
- 🙏 Marietha du Toit, geval en enkel gebreek.
- 🙏 Marcel Malan, ondersteunende versorging, Bridgewater.
- 🙏 Willie vd Merwe, ondersteunende versorging.
- 🙏 Francine v Zyl, behandeling.
- 🙏 Jeanette Snyman, behandeling.
- 🙏 Dawie Rossouw, behandeling.
- 🙏 Tian Liebenberg, behandeling.
- 🙏 Petro le Roux, broos.
- 🙏 Gerda Oosthuizen, broos.
- 🙏 Baps Bam, broos.

Geroepenes wat met deernis omgee, insluit, lééf!

Geroepenes wat met deernis omgee, insluit, lééf!

Manne Reisgesprek Vrydagoggende Volgende geleentheid: 16 Oktober

in die konferensiekamer

* Koffie 05:15 * Gesprek 05:30 *



KERKKOOR
VIR DIE KERSSANGDIENS

NET 5 OEFENINGE
Na die oggenddienste op:
25 Oktober
1 November
8 November
15 November
22 November

**Kerssangdiens is op
22 November, 19:00**

Hoe deel ons die Evangelie in geslote lande?

Sendelinge van lande in die Himalayas kom gesels met
ons oor hoe hulle die Evangelie deel in hulle lande.
Gratis Sri Lanka-kerrie vir aandete.



Woensdag, 14 Oktober 2026



18:30 – 20:30



Helderberg Gemeente Tent



Melanie Smit - uitreik@nghelder.co.za teen 12
Oktober 2026

Kategese: 11 Oktober 2026

Junior Kategese: Voorskool - Graad 6

Voorskool: *Na die kindermoment in die kerk, verdaag die kinders na die ou moederskamer in die kerk vir hul les.*

Groei-goggas: Groen vir groei.

God antwoord altyd as ek bid



Ons leer meer oor gebed. Hoe antwoord God ons as ons bid? Sondag gaan ons praat oor die feit dat die Here altyd ons gebede beantwoord. Ons gaan hierdie keer praat oor wat dit beteken as jy moet wag op God se antwoord. Daar is mos drie moontlike antwoorde wat ons van die Here kan kry naamlik, **Ja, Nee en Wag**. Om te wag op God se antwoord is miskien een van die moeilikse dinge om te kan doen. Ons praat oor wag.

As ek bid sê God somtyds vir my "Ja"

As ek bid sê God somtyds vir my "Wag"

As ek bid sê God somtyds vir my "Nee"

1 Tessalonisense 5:17 "Bid gedurig."

Kategeet: Rona van Zyl (082 339 1362)

Graad 1-6: *Na die kindermoment in die kerk, verdaag die kinders na die kerksaal vir hulle eie diens.*

My Blink ID: "Labels" Ek is lig!

Voyager 1, 'n ruimtetuig wat in 1977 gelanseer is, sal in November een ligdag ver gereis het. Wat is een ligdag? Dit is hoe ver lig in **een dag** reis en onthou, lig beweeg teen 300 000 km per sekonde. Dit het Voyager 49 jaar geneem om daardie afstand te reis.

In Johannes 1:4 en 5 lees ons: "*In Hom (Jesus) was daar lewe, en dié lewe was die lig vir die mense. Die lig skyn in die duisternis, en die duisternis kon dit nie uitdoof nie.*" Jesus se **LIG** het tot hier by elkeen van ons uitgekom oor twee duisend jaar heen. En dan sê Jesus: "Jy is die lig." Ons praat hierdie week oor hoe ver jou lig vir Jesus strek.

Kategeet: Ds Werner Schultz (084 645 1173)

Senior kategese: Graad 7 – 12

Die senior katkisanter kom elke Sondag na die erediens in die konferensiekamer, in die kerksaal byeen, behalwe skoolvakansies en langnaweke – sien kerkkalender in dié verband.

Kategeet: Gideon Muller (083 236 9869)

Kategeet: Ds Willem Sauer (071 674 1675)

Des Gracia Kamerskoor

o.l.v. Gheta Grobler



Saterdag 31 Oktober - 19:00
Omgee Gemeente
Andries Pretorius Str 77
Somerset Wes
R80 by die deur

LIVE LIFE

GIVE RED

Stay strong and donate blood

Donate blood

Venue: DR Church Hall
Andries Pretorius street

5,12,26 Oct 2026

Time: 14:00 - 19:00

BLOOD DONOR CRITERIA:

Be 16-75 years old. Weigh 50kg+. Be in good health.
Lead a sexually safe lifestyle.



Follow us on WhatsApp
www.wcbs.org.za



Western Cape Blood Service
Do something remarkable

2027

Kerkkalenders

Ons is tans besig met die voorbereiding van die 2027 kalender.

Die drukkoste van die kalenders was verlede jaar R11 500 en ons was gelukkig om, met die hulp van borge, elke jaar die volle koste te kon dek, sodat elke huisgesin in die gemeente 'n kalender gratis kon ontvang.

Ons het dit vanjaar goed gedink om gemeentedele (individue) en/of besighede te nooi om die kerkkantoor by 021 - 852 1787 te kontak indien jy bereid sou wees om 'n donasie te maak vir die druk van die kalenders vir 2027.

In ruil hiervoor bied ons die volgende blootstelling:

- 4 weke se blootstelling vir die spesifieke maand wat jy borg op ons gemeente se gedrukte afkondigingsblad, asook ons gemeente se whatsapp-groep.
- Blootstelling vir die hele jaar op ons gemeente se webtuiste en Facebookblad.



DIE OMGEEGEMEENTE
NGK SOMERSET-WES

Kom geniet die gemeente

SPITBRAAI ETE

Sondag, 25 Oktober 2026

Slegs
100 etes

SPYSKAART

Spitgebraaide skaap
Aartappeltjies en uie
Twee groentes
Knoffelbrood, Griekse slaai
Nagereg

VOORAF BESPREKINGS NOODSAAKLIK

TEEN DINSDAG, 20 OKTOBER 2026.

Liesle - 021 852 1787 / Whatsapp 083 272 1745

R160
per persoon

Bring eie
drinkgoed en glase

BETALINGSMETODES:

EFT in die kerk se rekening:

NGK Somerset-Wes, ABSA tjekrekening, #2900 590 132
(Verwysing: Naam+spitbraai)

Kontant of kredietkaart by die kerkkantoor

L.W. Moet asb. nie net EFT-inbetalings maak sonder om te bespreek nie en aanneem dat jou betaling dien as bespreking nie. Jy moet ook bespreek.

Ten bate van die basaar

Getuienisfees

Liewe Omgeegemeentelid

Ons Getuienisfeesweek begin vanaf 12 Oktober en ons nooi jou, jou gesin, jou vriende en wie jy ook al wil saamnoui om te kom proe en sien dat die Here goed is. Kom kuier saam by ons expo na die erediens op Sondag, 18 Oktober 2026, waar 27 projekte, wat 'n wye spektrum van behoeftes hier en oorsee aanspreek, uitstal. Kom kyk hoe ons almal deel is en kan wees van God se hande en voete in die gemeenskap.

Van 11 tot 16 Oktober, tydens die Getuienisfeesweek, ontmoet jy die mense agter die projekte, hoor wat hulle doen en sien waar daar plek vir jou is, as vrywilliger, gebedsmaat, donasies, of met 'n nuwe projek van jou eie.

Datum	Gebeure	Plek	Kontakbesonder hede
Maandag 12 Okt 13:00–14:00	Canva-opleiding: ontwerp wat 'n verskil maak Gratis grafiese ontwerp-opleiding deur Leersirkels van Hoop.	Aanlyn	VOL GEBOEK
Woensdag 14 Okt 18:30	Aandete-gesprek: die Evangelie in geslote lande Gratis aandete en gesprek oor die Evangelie in geslote lande.	Die Tent, Firmountweg 82	Bespreek by Melanie Smit by uitreik@nghelder.co.za
Woensdag en Donderdag 14–15 Okt 10:00–14:00	ElizaYo Ope Dag: sien die nuwe gebou Sien die nuwe gebou en ontmoet die span.	Johannesburgstraat 37, Croydon	Geen bespreking nodig
Sondag 18 Okt Na die erediens	Projek-expo: ontmoet die mense agter die werk Gesels met projekteleiers en vind jou plek as vrywilliger.	Omgeegemeente Saal	Geen bespreking nodig



Het jy 'n hart vir iets wat nog nie 'n projek het nie? Registreer dit by Helderberg Uitreik. Jy bring die passie. Ons bring die regte struktuur en 'n span wat saam stap.

Ons sien jou. Kom proe en sien wat God vir jou beplan het.

Ds Willem Sauer en Melanie Smit
(Helderberg Uitreik bestuurder)



ONTWIKKELINGSENTRUM

UITNODIGING

Ons nooi jou uit om ons nuwe gebou te kom besoek!



**WOENSDAG 14 EN
DONDERDAG 15
OKTOBER**



**10.00 – 14.00
UUR**



ELIZAYO
37 Johannesburg street
Croydon,
Somerset Wes



**Kom ontmoet ons span
en sien wat ons aanbied.**

helderberg
UITREIK